

Saalopening: 56. Kersfees 2

Inleiding:

Sjoe, hoe het die tyd gevlieg, wat is die volgende belangrike datum waarna almal van julle – glo ek – uitsien? Kersfees natuurlik.

Kersfees is in baie huise 'n baie spesiale tyd van die jaar. Families kom baie keer van ver af om dit saam met hulle geliefdes te vier, dan word daar geskenke uitgeruil en lekker geëet. Vir party mense is kersfees nie 'n lekker tyd van die jaar nie, want hulle het nie geld om al die lekker dinge te doen nie, en baie keer is dit 'n hartseer tyd omdat 'n geliefde nie meer saam met die familie is om kersfees te vier nie.

Kom ons hoor gou..... wat sien julle op die oomblik by omtrent elke winkel waar jy instap? Dis reg, kersversierings. Watter musiek hoor julle? Ja, kerstmusiek, en oral is daar spesiale geskenke wat jy vir die spesiale mense in jou lewe kan koop.

Kersfees

Ons het nou bietjie gesels oor wat kersfees vir die wêreld beteken, maar vir ons as kinders van die Here is kersfees 'n spesiale tyd waar ons dink aan die geboorte van Jesus Christus, God se Seun. Wanneer ek dit sê moet jy altyd onthou dat ons nie presies weet wanneer en op watter dag Jesus gebore is nie, maar dat 25 Desember vir baie mense net 'n dag is waarop hulle dink aan God se grootste geskenk aan die wêreld.

Nou inplaas daarvan dat ek vir julle die storie van kersfees vertel het ek vir julle 'n video clip saamgebring om julle weer daaraan te herinner.

Hier is 'n hele paar oulike video clips, besluit watter een by jou gehoor pas:

1. https://youtu.be/-s56Xa_C54I
2. <https://youtu.be/suowe2czxcA>
3. https://youtu.be/_OLezoUvOEO
4. <https://youtu.be/0ib2-uPGMpE>
5. https://youtu.be/BqP10O_1twk

Ten slotte

Mag julle hierdie jaar weer onthou HOEKOM ons kersfees vier. Nie oor die geskenke of die lekker kos nie, maar omdat God vir ONS die grootste geskenk ooit gegee het – Jesus Christus! Mag julle hierdie jaar 'n Christusfees vier en NIE Kersfees nie.

